

DIE STRYD TEEN POKKE IN DIE DISTRIK BOSHOF, 1882-1884

J. Haasbroek
Nasionale Museum
Posbus 266
9300 Bloemfontein

The campaign against smallpox in the Boshof district, 1882-1884

During the first half of the eighties of the previous century the Republic of the Orange Free State was devastated by smallpox. The Boshof district was the worst hit by this life-endangering disease, as a result of its strategic position bordering on the Kimberley diamond fields where the smallpox epidemic raged fiercely. Countermeasures, such as fumigation houses and a border watch system, did not have the desired effect of bringing the disease under control in the district. The activity of a single-minded health committee together with an immunization campaign eventually won the battle against the smallpox epidemic in the Boshof district.

Gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare van die vorige eeu is die Republiek van die Oranje-Vrystaat deur pokke geteister. Veral vanweë sy strategiese ligging teenoor die Kimberleyse diamantvelde waar 'n pokkedram opgetrek het, is die distrik Boshof die ergste deur hierdie lewensgevaarlike siekte getref. Tienmaatreëls soos berokingshuise en 'n grenswagstelsel het nie die gewenste uitwerking in die distrik gehad nie om die siekte onder beheer te bring. Die werkzaamhede van doelgerigte gesondheidskomitees tesame met 'n inentingsveldtog het mettertyd die deurslag in die stryd teen die pokke-epidemie in die distrik Boshof gegee.

1. Uitbreek van pokke in die Oranje-Vrystaat

Gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare van die vorige eeu is die Republiek van die Oranje-Vrystaat deur 'n ernstige "pokke-epidemie" getref. Wanneer na dié epidemie verwys word, moet in gedagte gehou word dat dit 'n epidemie op 'n beperkte skaal was vanweë die sporadiese aard daarvan en die yl verspreiding van die bevolking.¹

Pokke ("smallpox") of variola is een van die gevaaarlikste en besmetlikste virussiektes wat vroeër inveral Europa, Asië en Afrika, insluitende Suid-Afrika, baie slagoffers geëis het. In teenstelling met pokke is waterpokkies (ook 'n virussiekte) meestal 'n nie-kwaadaardige aansteeklike siekte by jong kinders en bestaan daar tot dusver geen entstof waarmee blywende immunitet teen waterpokkies behaal kan word nie. Juis as gevolg van inenting en ander maatreëls kan die uiters gevaaarlike pokke vandag as feitlik uitgeroei beskou word. 'n Britse geneesheer, dr. Edward Jennings, het in 1796 'n entstof teen pokke uitgevind en met hierdie

prestasie 'n groot diens aan die mensdom bewys.²

Die laaste groot pokke-epidemie aan die suidpunt van Afrika het in 1882 sy ontstaan in Kaapstad gehad. Nadat die Britse stoomskip *Drummond Castle*, waarop daar blykbaar 'n geval van pokke aan boord was, Kaapstad aangedoen het, het 'n ernstige pokke-epidemie die stad teen die middel van daardie jaar getref en geleidelik na die binneland van die Kaapkolonie versprei. Daar is later beraam dat meer as 2 000 gevalle van pokke in Kaapstad alleen gehanteer is voordat die epidemie in die gebied eers teen die tweede helfte van 1883 deur hoofsaaklik 'n aktiewe inentingssveldtog onder beheer gebring is.³

Uit vrees dat die Kimberleyse diamantvelde in Griekwaland-Wes as gevolg van die bedrywige verkeersvlöei tussen Kaapstad en die diamantvelde deur 'n pokke-epidemie uiters nadelig getref kon word, het die Kimberleyse owerheid reeds so vroeg as September 1882 'n ontsmettings- en kwarantynstasie op Modderrivier, sowat 30 kilometer suid van Kimberley, in werking gestel. Sodanige stasies, tesame met inenting, het in daardie jare in die stryd teen pokke in Suid-Afrika en ook wêreldwyd waar die siekte geheers het, die algemene gebruik geword. By die Modderrivierstasie is reisigers vanaf die Kaap na Kimberley wat nie 'n geldige inentingssertifikaat kon toon nie, ingeënt en deur 'n berokingstelsel ontsmet voordat hulle verder kon reis. Klaarblyklik was die voorsorgmaatreëls by Modderrivier genoegsaam om die verspreiding van die siekte uit die suide na Kimberley te keer. Toe die stryd teen pokke in die Kaapkolonie gewen is, is die Modderrivierstasie ook ontruim. Maar Kimberley en die diamantvelde was helaas nie gevrywaar van 'n pokke-epidemie nie, want vanuit die noorde het die "aanslag" gekom wat die gebied in ellende sou dompel. 'n Aantal swart inwoners van Mosambiek met vermoedelik pokke onder lede het die deur Transvaal op die hoofroete oor Klerksdorp na Kimberley beweeg. Teen November 1883 het die plaaslike owerhede van Kimberley nagenoeg 177 van hierdie verdagte gevalle aangekeer en op die plaas van ene Felstead, geleë sowat 15 kilometer van Kimberley, in kwarantyn geplaas. Die bekende dr. Hans Sauer wat vroeër die Modderrivierstasie suksesvol maar omstrede bedryf het, was daarvan oortuig dat die Mosambiekiers pokke onder lede gehad het. Teen die einde van daardie maand het die siekte sporadies in die Kimberleygeweste begin uitbreek en gevaaarlike afmetings begin aanneem. Die reuse- en gemengde bevolking in die omgewing was weldra 'n broeiplek van pokke.⁴

Nieteenstaande onomstootlike bewyse dat die siekte inderdaad die noodlottige pokke was, 'n diagnose wat ook deur al die bekende Vrystaatse geneeshere gehandhaaf is namate die siekte sy verskyning in die Vrystaat gemaak het, het sommige Kimberleyse artse halsstarrig en stiksienig volgehou dat dit 'n vorm van waterpokkies was, skynbaar in 'n poging om nie die diamantindustrie te benadeel nie. Paniek en drostry onder die swart mynwerkers, asook die weiering van boere om hulle produkte aan die diamantvelde te lever wat hongersnood teweeg kon bring, was nie uitgesluit indien 'n fatale pokke-epidemie luidkeels verkondig sou word.⁵ Hierdie "kwaksalwers" se optrede as sou die siekte 'n skadelose vorm van pokke wees, het blykbaar die onnodige dood van baie persone veroorsaak omdat toepaslike behandeling nie gevolg is nie. *De Express* in Bloemfontein het nie

A.G. Glegg & P.C. Glegg, *Man against disease* (London, 1973), p. 88; *Wêreldspektrum* (Pretoria, 1983), deel 23, p. 32; D.A. Henderson, "Small-pox - epitaph for a killer", *National Geographic*, 154(6), Des. 1978, p. 798; Russell S. Viljoen, "Disease and society: VOC Cape Town, its people and the smallpox epidemics of 1713, 1755 and 1767", *Kleio*, xxvii, 1995, pp. 24 en 25.

The Friend, 2.2.1882; B. Roberts, *Kimberley: turbulent city* (Cape Town, 1976), p. 198; E.H. Burrows, *A history of medicine in South Africa up to the end of the nineteenth century* (Cape Town, 1958), p. 259.

The Friend, 1.11.1883, 13 en 20.12.1883; B. Roberts, pp. 218-221; H. Sauer, *Ex Africa* (London, 1937), p. 75.

The Friend, 13.12.1884; B. Roberts, pp. 219 en 225.

gehuiwer nie om na dr. Leander Starr Jameson (dieselde persoon wat teen die einde van 1895 die ZAR met 510 manskappe sou binneval), die groot verkondiger van die anti-pokke teorie, as "obstinately ignorant and stiff-necked" te verwys.⁶ Hierdie stryd tussen die Kimberleyse geneeshere of dit pokke was al dan nie, is deur Sauer as "The Great Smallpox War" beskryf.⁷

Gesien in die lig van hulle sosio-ekonomiese opset het die onhygiëniese en soms haglike toestande waaronder die swart inwoners en dan hoofsaklik die swart diamantveldwerkers geleef het, meegebring dat die siekte en gepaardgaande sterfgevalle aanvanklik in hulle geledere geheers het. *The Friend* het sowaar in 'n hoofberg ontstaan aangekondig dat indien so iets die Vrystaat sou tref, dit kon veroorsaak dat Bloemfontein "geene bedienende zouden hebben om het noodige werk te doen in onze huizen en onze kleederen te wasschen".⁸ Dié toedrag van sake het daar toe gelei dat heelwat blankes, ook in die Vrystaat, hulle as immuun teen die siekte beskou het. Hierdie vertoon van rassemeeerdewaardigheid en naïwiteit het plotseling tot 'n einde gekom toe blankes ook aangetas is en sterftes - die burgemeester van Kimberley, Mark Foggit, was ook 'n slagoffer - voorgekom het.⁹

Wat die Oranje-Vrystaat betrek, was die inwoners aanvanklik slegs opgeskrik oor die moontlikheid dat pokke in die gebied kon uitbrek. In 1882 en 'n groot deel van 1883 het valse gerugte oor die siekte die Vrystaatse gemeenskap vreesbevange gelaat. Die pers, veral *The Friend*, het in sy ooryerwige poging om die publiek "ingelig" te hou oor die pokke-situasie, meegehelp om paniek en verwarring te saai deur ongegronde gerugte te plaas. So het dit selfs gebeur dat *The Friend* korrespondensie aangebied het waarin die verskyning van pokke in 'n distrik beweer is net om daarna in 'n berig in *De Express* as absoluut onwaar afgemaak is. Indien iemand die geringste teken van ongesteldheid getoon het, is 'n gerug dikwels versprei dat dit pokke is. Verskeie male is die "onskuldige" waterpokkies vir pokke aangesien. Die oordrewe valse gerugte het die ekonomie ook in 'n mate nadelig geraak, want die sogenaamde pok-gebiede is deur produsente en kopers vermy.¹⁰

Dit was egter ook eers teen die einde van 1883 dat die Vrystaat as gevolg van die pokkesituasie in die diamantvelde sy eerste werklike gevalle opgelewer het. Vanweë sy ligging so te sê tussen Basotholand (vandag Lesotho) en die diamantvelde was die Vrystaat die ideale teiken vir 'n pokke-epidemie. Veral baie swartes van die diamantvelde, sommige besmet met die pokvirus, het hulle familie in Basotholand besoek wat daar toe bygedra het dat die siekte ook in hierdie land versprei. Heelwat Basotho's het weer op hulle beurt vanaf laasgenoemde gebied in die diamantvelde gaan werk soek. Aangesien beide gebiede onder pokke deurgeloop het, was hulle inwoners se deurkruising van die Vrystaat tot nadeel van dié staat.¹¹

Dit blyk, en dit was ook geensins vreemd nie, dat in die distrik Boshof wat die naaste van al die Vrystaatse distrikte aan die diamantvelde geleë was, die eerste pok-gevalle in Desember 1883 hulle verskyning gemaak het. Sowat vier en 'n half uur te perd van Boshof het daar op die plaas Mount Pleasant van die Hudson-familie pokke onder die familie en die swart arbeiders uitgebreek. Dertien gevalle het op die plaas voorgekom en dié van mev. Hudson (snr.) was fataal.¹²

Na hierdie ernstige voorkoms van pokke in die Vrystaat blyk dit dat die siekte vir 'n wyle geen onrusbarende afmetings in die gebied aangeneem het nie. Beheermaatrels by kwarantyn- en ontsmettingstasies en inentingsprogramme sou verslap word en 'n valse gerustheid het onder die inwoners posgevat.¹³

Die aangeleenthed het teen die middel van 1884 skielik 'n dreigende wending geneem toe die siekte sporadies deur die Vrystaat versprei en talle mense aangetas het. "Terwyl die vrees voor die

6. *De Express*, 14.8.1884.

7. H. Sauer, p. 67.

8. *The Friend*, 20.7.1882.

9. *De Express*, 24.8.1882, 10 en 31.7.1884; *The Friend*, 2.10.1884; B. Roberts, p. 221.

10. *De Express*, 16.2.1882, 20.7.1882, 3.8.1882 en 19.10.1882; *The Friend*, 16.2.1882 en 4.9.1883.

11. *The Friend*, 21.8.1884.

12. *The Friend*, 22.11.1883, 20.12.1883 en 17.1.1884; *De Express*, 20.12.1883.

The Friend, 28.2.1884 en 31.7.1884.

kinderpokken [soos pokke ook bekend gestaan het] reeds was verdwenen, heeft deze besmettelijke ziekte op eens hare tegenwoordigheid in ons midden aangekondigd", het *De Express* die slegte tyding aan die Vrystaat oorgedra.¹⁴ Pokke het onder meer in die distrikte Bloemfontein, Jacobsdal, Jagersfontein, Harrismith, Kroonstad, Hoopstad, Dewetsdorp, Reddersburg, Winburg én Boshof uitgebreek en sou tot die einde van daardie jaar voortduur.¹⁵ Die Vrystaatse hoofstad, Bloemfontein, het nienteenstaande sy groter bevolking die epidemie grootliks vrygespring weens streng beheermaatreëls.¹⁶ "It is earnestly to be desired", het *The Friend* die erns van die saak verkondig, "that this is the darkest hour before dawn we are now experiencing."¹⁷ 'n Skrale troos was dat medici, insluitende bekware kwaksalwers, in daardie jare reeds geredelik beskikbaar was vir die Vrystaatse bevolking en dat selfs in krisistye soos tydens 'n epidemie 'n redelike standaard gehandhaaf kon word, terwyl die Vrystaat se eerste volwaardige hospitaal in 1878 sy deure in Bloemfontein geopen het. Die Volksraad het gepoog om met die karige hulpmiddels tot sy beschikking gesondheidsdienste en die mediese professie in die Vrystaat te vestig en om die bevolking die voorreg van gespesialiseerde mediese versorging te laat toekom. Nietemin sou veral tandheelkunde, verpleging en die versorging van sielsiekes en melaatses vir 'n geruime tyd veel te wense oorlaat.¹⁸

Van al die distrikte in die Vrystaat wat deur die siekte geraak is, was dit ongetwyfeld Boshof wat die swaarste daaronder gely het en waar hoofsaaklik sterfgevalle voorgekom het. Die nabyheid van dié distrik aan die pokbesmette diamantvelde aasook die nie minder nie as agt publike paaie wat daardeur gekruis het en die stroom van mense wat dit tot gevolg gehad het,¹⁹ het sekerlik die snelle verspreiding van die siekte in die distrik aangevuur. Die distrik Boshof is inderdaad gebrandmerk as "dat brandpunt van waar die besmetting zich in den Vrijstaat verspreid heeft."²⁰

Sedert Junie 1884 het die siekte onrusbarend en vinnig in die distrik toegeneem en teen die einde van Augustus 1884 is reeds beweer dat bykans elke plaas tussen Kimberley en Boshof in 'n mindre of meerdere mate besmet was. Die aanmelding van besmette opstalle en krale (huisvesting van swart werkers op plese) het 'n alledaagse geword.²¹

Van die plese wat besonder swaar getref was, sluit in die baie bekende Olifantsfontein van die net so bekende Wessels-familie, Koppieskraal, Buitefontein, Leeuwfontein, Quaggahoek, Uitkijk, Loskop, Beginseldam, Holpan en Varkfontein.²² Die distrik Boshof is voorwaar in dieselfde asem genoem as die diamantvelde, die Barolong-gebied en Basotholand waar die siekte fel gewoed het.²³ In 'n tyd toe gesondheidsdienste nog in baie opsigte gebreklig was, sou die gemeenskap van en die medici in die distrik Boshof toon dat hulle nienteenstaande terugslae die deursettingsvermoë en die vernuf gehad het om 'n ernstige siekte soos pokke doeltreffend te bestry.

14. *De Express*, 19.6.1884.

15. *The Friend*, 19.6.1884 en 31.7.1884.

16. *The Friend*, 2.10.1884.

17. *The Friend*, 18.9.1884.

A.R. Badenhorst, "Gesondheid en die mediese professie in die Oranje-Vrystaat, 1864-1871", *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 6(1), Jan. 1992, pp. 19 en 23; D.A. van der Bank, "'Tonsil Towers' - Bloemfontein se eerste privaatospitale", *Culna*, 50, April 1996, p. 14; P. de Villiers, "A history of medical services in the Orange Free State", *SA Medical Journal*, 23 Sept. 1944, pp. 303-308.

19. W.B. van der Vyver, *Eeufeesalbum Boshof* (Bloemfontein, 1956), pp. 24 en 31.

20. *De Express*, 2.10.1884.

21. *The Friend*, 31.7.1884 en 28.8.1884.

22. Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (hierna VAB), Argief van die Goewermannsekretaris (hierna GS) 257, A.H. Watkins - Goewermannsekretaris, 14.7.1884; *The Friend*, 4.9.1884; *De Express*, 14.8.1884.

23. *The Friend*, 15.1.1885.

2. Die stryd teen die siekte in die distrik Boshof

Toe die gerugte van 'n pokke-gevaar teen die einde van 1882 sy loop begin neem en die Vrystaatse bevolking angsbevange begin raak, het die Vrystaatse regering, gesien in die lig van die uitgawes daaraan verbonde en ook dat daar nog geen wesenlike gevaar vir die Republiek was nie, ietwat halfhartig besluit om "wachten" of spesiale konstabels op die grenslyn tussen die distrik Boshof en Griekwaland-Wes te plaas. Die doel daarvan was grootliks om persone te onderskep wat draers van die gevreesde siekte was. Veral die tolhuise langs die grense op die plase Olifantsfontein, Benoudheidsfontein en Rietpan, is as gesikte plekke beskou om die konstabels aan te wend.²⁴

Aanvanklik was die owerheid van Griekwaland-Wes op sy beurt so voorbarig om, terwyl nog gewag is op ampertelike goedkeuring van Vrystaat-kant, manskappe genaamd "Officers of the Combined Sanitary Committee" in die distrik Boshof te laat opeereer "met het doel om de insleping der pokken naар Griqualand West tegen te werken."²⁵ Die Vrystaatse owerheid was nie te vinde nie vir hierdie vreemde bedrywigheid op sy grondgebied en Griekwaland-Wes is so ingelig waarna die dienaars van die "Sanitary Committee" ontrek het.²⁶

Dit was duidelik dat die Vrystaatse regering nie oorhaastig was om te reageer op 'n siekte wat nog nie 'n werklikheid was nie. Staatspresident J.H. Brand het trouens in Mei 1883 in die Volksraad die Allerhoogste geloof dat die Republiek "de zware bezoeking der pokken-epidemie" wat in die Kaapkolonie geheers het, vrygespring het.²⁷

Ofskoon die regering later, namate die epidemie in erns toegeneem het, meer daadwerklik opgetree het om dit te bekamp, het die pers en menigeen wat oordrewe vreesbevange oor die siekte was, die regering skerp veroordeel vir sy sogenaamde onverskilligheid teenoor die siekte, asook die onnodige spaarsamigheid wat die regering geopenbaar het wanneer uitgawes aangegaan moes word om die dodelike siekte te bestry.²⁸

3. Oprigting van berokingshuise

Toe die eerste werklike gevalle van pokke in die Vrystaat teen die einde van 1883 in die distrik Boshof sy verskyning maak, was die Vrystaatse regering genoodsaak om verskerpte voorsorgmaatreëls te tref. Een van die belangrikste voorsorgmaatreëls uit die regering se oogpunt was die oprigting van berokings- of fumigasiehuise, oftewel ontsmettingstasies, op strategiese plekke langs die grenslyn van onderskeidelik die diamantvelde en Basotholand waar diegene wat die Vrystaat wou binnegaan eers deeglik ondersoek en ontsmet kon word. Aangesien pokke veral versprei kon word deur die klere en beddegoed van 'n besmette persoon,²⁹ is beroking met 'n ontsmettingsmiddel soos swaelsuur van 'n persoon, sy klere en sy ander besittings, deur baie mediese autoriteite in Suid-Afrika en die buiteland as 'n gesikte metode beskou om pokverspreiding hok te slaan.³⁰

Die beroking het grootliks behels dat die betrokke persoon tot by sy onderbaadjie ontklee as hy blank is en tot by sy hemp as hy van 'n ander ras was. Dit is sterk te betwyfel of vrouens enigsins moes ontklee, want dit was bekend dat baie vrouens selfs geweier het om hulle arms te ontbloot sodat

-
24. VAB, GS 253, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 1 en 27.11.1882; VAB, GS 1587, Goewermentsekretaris - Landdros, Boshof, 23.10.1882 en 22.11.1882.
 25. VAB, GS 253, Landdros, Boshof - Sanitaire Inspekteur, Kimberley, 17.10.1882; VAB, GS 253, Landdros, Boshof -Goewermentsekretaris, 4.11.1882.
 26. VAB, GS 253, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 4.11.1882.
 27. Notulen der verrichtingen van den HED. Volksraad, 8.5.1883, p. 21.
 28. *The Friend*, 29.11.1883 en 14.8.1884.
 29. A.G. & P.C. Clegg, p. 90.
 30. *De Express*, 7.2.1884.

'n inentingsmerk waargeneem kon word. Die persoon betree die swaelhuis, plas sy mond deur 'n ventilasiegaat vir vars lug en word daarna vir drie tot vier minute berook. Bagasie, insluitende items soos velle en pos, is gewoonlik terselfdertyd berook of daarna indien nie genoeg ruimte beskikbaar was nie. Die berooktes moes vertoeftot dat 'n mediese beampete hulle ondersoek het en toestemming verleen het om verder te reis. Die beroaking is gratis toegedien, maar 'n sertifikaat dat 'n persoon berook is, is teen een shilling uitgereik. Beampies wat die beroaking toegepas het, het dikwels later 'n "sieklike" geel velkleur as gevolg van die swaelsurdampe ontwikkel.³¹


Teen die einde van November 1883 het die regering toegesien dat 'n beroakingstasie op die strategiese groot plaas Olifantsfontein, geleë aan Vrystaat-kant teenaan die diamantvelde, opgerig word.³² President Brand het 'n proklamasie uitgevaardig dat alle persone, waens en rytuie wat van die diamantvelde na die Vrystaat reis, ook inwoners van laasgenoemde wat Griekwaland-Wes om een of ander rede sou besoek, die Vrystaat via Olifantsfontein en sy beroekingshuis moet binnekom. Sonder uitsondering moes alle persone berook word. Diegene wat die proklamasie omseil, kon 'n boete van £5 opgelê word en 'n maand gevangenistraf by versuim om te betaal. Sowat twintig grenswagte is aangestel om die grens te patrouilleer en toe te sien dat reisigers die beroekingshuis aandoen. Charles Stevens, hoofwag te Olifantsfontein, het beweer dat jong blanke wagte onbevoeg vir grensdiens was omdat hulle te veel vriende in die omgewing gehad het en derhalwe nie streng genoeg opgetree het nie. Daarenteen was die swart wagte besonder waaksam en pligsgetrouw.³³

Wat betref die Basotholand-grenslyn, sou ontsmettingstasies op die vernamste verbindingsroetes tussen die twee gebiede, onder andere by Ladybrand en Rouxville, opgerig word.³⁴ Waar die regering hom hoofsaaklik op die grenslyne toegespits het, het die plaaslike overhede van waarskynlik die meeste Vrystaatse dorpe, waaronder Bloemfontein en Jagersfontein, waar pokke moontlik kon uitbreek, as voorsorgmaatreël teen die siekte 'n tipe van beroakingstelsel op die been gebring.³⁵

Aangesien dit onprakties was om slegs een beroekingshuis in 'n gebied op te rig waar druk verkeer geheers het - verkeer wat blykbaar toegeneem het soos "menschen beginnen om van die velden te vluchten" oor die pokke-gevaar - is weldra nog 'n beroekingshuis op die plaas Loskop, noord van Olifantsfontein opgerig.³⁶ Nietemin was Olifantsfontein, waar 'n kwarantynstasie of laseret en hospitaaltjie ingerig is, vanweë sy strategiese ligging die middelpunt van die bedrywigheid rondom die pokke-epidemie in die omgewing.³⁷ Bygesê, bedrywigheid op die Olifantsfonteininstasie is teen die einde van Januarie 1884 erg ontwrig toe 'n verwoestende storm alle toerusting buite werking gestel het, die laseret beskadig en die opslaanhospitaalgebou laat omkantel het wat die dood van twee herstellende pokpasiénte tot gevolg gehad het.³⁸

Die grootste besware teen die beroekingsopset soos in die distrik Boshof toegepas en waaroor almal, insluitend vooraanstaande leiers in die samelewing, dit eens was sodat dit nie sonder meer as kwaadwillig afgemaak kon word nie, was drieërlie van aard. Eerstens was daar te min beroekingshuise, tweedens was die huise te ver van mekaar verwyder, en derdens was daar te min grenswagte om die grenslyn dag en nag te bewaak. Laasgenoemde probleem is vererger deurdat die

31. VAB, GS 256, R. Tweedie - G. Joubert, 4.2.1884; *The Friend*, 21.1.1884 en 12.11.1884; *De Express*, 29.11.1883 en 9.10.1884; H. Sauer, p. 39.
32. *De Express*, 29.11.1883.
33. VAB, GS 1484, Tel. Staatspresident - Landdros, Boshof, 29.11.1883; VAB, GS 256, C. Stevens - Landdros, Boshof, 24.12.1883; *De Express*, 29.11.1883 en 6 en 13.12.1883.
34. C.C. Eloff, *Oos-Vrystaatse grensgordel: 'n streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning* (Pretoria, 1980), p. 394.
35. *Notulen der verrichtingen van den Hoog-Ed. Volksraad*, 21.2.1884, p. 8; *The Friend*, 10.1.1884; *De Express*, 7.2.1884 en 9.10.1884.
36. VAB, GS 256, Landdros, Boshof - Goewermannsekretaris, 10 en 17.12.1883.
37. *The Friend*, 7.2.1884; *De Express*, 7.2.1884.
38. VAB, GS 256, P.A. Zeederberg - G. Joubert, 2.2.1884; *The Friend*, 31.1.1884.



In die distrik Boshof is daar op die plase Olifantsfontein, Rietpan en Loskop berokingshuise oftewel ontsmettingstasies opgerig om die verspreiding van pokke teen te werk

wagte uiters ongedisiplineerd was. Dit alles het onder ander meegebring dat groot getalle swartmense lukraak oor die grens beweeg het sonder om ontsmet te word, terwyl reisigers dikwels nie hulle weg oopgesien het nie om met hulle maer trekdiere 'n omweg te volg net om aan die bestaande proklamasies te voldoen en 'n "onaangename" beroking deur te maak.³⁹

C.H. Wessels, bekende boer van die distrik wat later diep spore in die Vrystaatse politieke milieou sou trap en wat op 'n deel van Olifantsfontein geboer het, het onomwonne in die pers verklaar dat die berokingshuise slegs "denkbeeldige" beskerming teen die pokke verleen, want die meerderheid swartes omseil die berokingshuise veral in die dag.⁴⁰ "Maar nu ligt die gansche boel op een hoop te Olifantsfontein en voert zeer weinig uit", het "Pro re Nata" iesegrimig aan *De Express* geskryf oor dié hoofberokingstasie.⁴¹ Hy wou ook verontwaardig weet waarom daar nie aan elke hoofweg 'n berokingstasie geplaas word nie.

Die deputasie

Die was allerwee duidelik dat veral die onbevredigende maatreëls rondom berokingstasies aan die Boshof-grens om die verspreiding van pokke te beheer, die inwoners van die distrik Boshof ongelukkig gestem het. Dit was immers hulle wat te midde van die dreigende epidemie gestaan het. Daar is besluit om daadwerklik op te tree.

Op 22 Desember 1883 het die burgers van die distrik 'n openbare vergadering in die goewermentskantoor op die dorp gehou. Op algemene versoek het die landdros van Boshof, Conrad Linder, die voorsitterstoel ingeneem. Linder, 'n groot voorstander van meer berokingshuise, het groot simpatie met die ontevredenes gehad en sou in dié siviele amp van hom knap werk doen om al die bedrywighede rondom die pokke-opset te kontroleer en die overheid oor alle gebeure op hoogte hou. Tydens die betrokke vergadering is besluit om 'n deputasie, bestaande uit oud-kommandant Gideon Joubert, C.H. Wessels en C.K. Hamman, na Bloemfontein te stuur om met die Uitvoerende Raad te onderhandel oor die netelige pokke-kwessies in die distrik en om terselfdertyd menige versoekskrifte waarin die belangrikste klagtes vervat is, aan die regering te oorhandig.⁴²

Enkele dae later het die deputasie die saak deeglik met president Brand en die Uitvoerende Raad bespreek met geringe positiewe gevolge. Daar is besluit om Joubert as fungerende grenskommissaris met volmag aan te stel sodat daar beter beheer en kontrole oor die grensposte kon wees. Ontsmettingshuise aan elke weg wat die staat binnekom is afgekeur, aangesien meer sulke huise meer dokters sou meebring wat meer uitgawes vir die staat sou beteken. Die regering was slegs bereid om een bykomende berokingstasie toe te staan, te wete op die plaas Rietpan. Die Uitvoerende Raad het egter nie sy weg oopgesien om die binnegaan van swartes na die Republiek geheel en al te belet nie soos ernstig deur die deputasie bepleit, maar het ingestem dat die binnekoms met 'n nodige gesondheidsertifikaat gepaard moet gaan.⁴³

VAB, GS 256, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 24.12.1883; VAB, GS 256, C.H. Hamman e.a. - Staatspresident, 22.12.1883; VAB, Argief van die Landdros van Boshof (hierna LBO), 2/2/1/18, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 24.12.1883; *De Express*, 13.12.1883.

40. *De Express*, 27.12.1883.

41. *De Express*, 25.12.1883.

42. VAB, GS 256, Landdros, Boshof ; Goewermentsekretaris, 24.12.1883; *De Express*, 13.12.1883; *The Daily News*, 29.12.1883; J. Haasbroek, "Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat", *Memoirs van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, nr. 23, Des. 1987, pp. 50 en 51.

43. *De Express*, 3.1.1884.

5. Berokingshuise ongewild

Die geneeshere wat onbaatsugtige werk by die berokingshuise verrig het, was dr. P.A. Zeederberg op Olifantsfontein, dr. J.P. Howe op Rietpan en dr. R. Tweedie op Loskop. Laasgenoemde twee was geneeshere van Kimberley. Vir die eerste paar maande na hulle oprigting was die berokingshuise in volle swang. Van ongeveer 30 November 1883 tot 8 Maart 1884 is daar by die Olifantsfonteininstasie nagenoeg 5 876 swartes en 4 245 blankes, van 1 Desember 1883 tot 29 Februarie 1884 by die Loskopinstasie 3 051 swartes en 1 843 blankes en van 19 Januarie 1884 tot 1 Maart 1884 by die Rietpaninstasie 3 663 swartes en 2 411 blankes beroek. Betrokke was meer as 175 rytui, 1 162 waens, 89 ruiters en 95 voetgangers.⁴⁴

Ofskoon die verskerpte maatreëls die toestand op die grens en by die berokkingstasies ietwat verbeter het, was dit egter hopeloos te min om die genoemde probleme op te los. Beweens die algemene groot klagtes teen die berokingshuise en grensstelsel, was daar heelwat kleiner irritasies wat daarop gedui het dat die berokkingstelsel alles behalwe die ondersteuning van die deursnee bevolking gehad het. Ofskoon die meeste oordrewe was of slegs kwaadwillige gerugte was, het daar nietemin in sommige 'n greintjie waarheid gesteek.

So is daar gemurmureer oor versmoring tydens die proses wat as 'n groter gevaar as die pokke self voorgehou is, die swak plasing van ventilasiegate sodat dit nie ten volle benut kon word nie, die verkeerde hoeveelheid swaelsuur wat toegedien word, die afwesigheid van mediese toesig, die tydsbestek van berokking wat te kort was om doeltreffend te wees, en die gebrek aan kontrole wat meebring dat 'n persoon byvoorbeeld beroek word terwyl sy bagasie buite gelaat word.⁴⁵

Korrespondensie in die pers met opskrifte soos "The farce of fumigation" en "The terrors of fumigation" het menigeen wat reeds bevrees was oor dié siekte verder die harnas ingejaag.⁴⁶ Die pers het op sy beurt ondersteuning aan die talle ontevredenes verleen en die stasie as nutteloos, irriterend en 'n vermosing van geld afgemaak.⁴⁷

'n Ontstelde dr. Zeederberg het uit eie ondervinding namens sy stasie heftig in die openbaar ontken dat berokking as sodanig skadelik is en versmoring en die uithoes van bloed veroorsaak. Hy het die skuld op stommerike gepak wat nieteenstaande waarskuwings die dampe ingeasem het omdat hulle in hul beterweterigheid geglo het dit is die beste manier om die siekte te bestry.⁴⁸ Die dokter het die owerheid daarop attent gemaak dat beweringe oor die werksaamhede van berokingshuise gemaak word wat nie gestaaf kon word nie.⁴⁹ Hoe dit ook al sy, die gebelgdes het nie soseer getwyfel aan die heilsaamheid van berokking as sodanig nie as aan die wyse waarop dit in die Vrystaat toegepas is.

Toe die regering teen die middel van Maart 1884 aan ag neem dat die siekte te Kimberley "byna geheel uitgestampt" was, pok-ongevalle die Vrystaat uiters sporadies getref het, insluitende die distrik Boshof as gevarrone, wat dus geensins op 'n epidemie gedui het nie, en dit geblyk het dat die siekte iets van die verlede was, is besluit om al die berokingshuise op te hef om finansiële uitgawes te beperk. Volgens die Staatspresident se aankondiging in die Volksraad het die uitgawes ter bestryding van pokke in daardie stadium sowat £2 310 beloop. Nieteenstaande ernstige waarskuwings en fel kritiek oor hierdie voortydige optrede, het die regering voortgegaan om sy besluit uit te voer. Teen einde April is die grensburgers deur middel van die pers en strooibiljette meegedeel dat die berokingshuise nie meer fungeer nie. Slegs op Olifantsfontein is die hospital en kwarantyninstasie, beman deur dr. Howe - natuurlik tot die groot ontevredenheid van dr. Zeederberg - een blanke

-
44. VAB, GS 256, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 12.12.1883; *The Friend*, 13.12.1883; *De Express*, 20.3.1884.
 45. *The Friend*, 10 en 14.1.1884; *De Express*, 10.1.1884.
 46. *The Friend*, 7 en 28.2.1884.
 47. *The Friend*, 10 en 14.1.1884; *De Express*, 6.3.1884.
 48. *The Friend*, 20.3.1884.
 49. VAB, GS 256, P.A. Zeederberg - G. Joubert, 2.2.1884.

opsiener en twee berede bruin konstabels, voorlopig in stand gehou om enige verdagte gevalle te hanteer.⁵⁰

Nadat die siekte in die middel van 1884 in felheid toegeneem het, het die regering klaarblyklik ingesien dat die berokingstelsel soos deur hom toegepas van weinig waarde en nie koste-effektief was nie, aangesien daar nie weer op die stelsel staatgemaak is nie as belangrike maatreël teen die siekte.⁵¹

6. Wetgewing

Hoewel die omvang van die verspreiding van die siekte gedurende die eerste helfte van 1884 van 'n beperkte aard was, was die regering besorg genoeg oor die situasie om wetgewing in te stel ten einde dit te beheer nadat verskeie klages ontvang is dat die publiek hulle nie veel aan gewone proklamasies steur nie. Tydens die Volksraadsitting van Februarie 1884 het Ordonnansie nr. 14 van 1884 oor die beheer van besmetlike siektes, wat pokke as vernaamste komponent insluit, 'n werklikheid geword. Kortlik het die ordonnansie bepaal dat die Staatspresident by magte was, indien enige besmetlike siekte die land ingedra word, om die nodige voorsorgmaatreëls te tref om dit te verhoed. Wanneer daar in enige stad, dorp of wyk 'n pokke-epidemie uitbreek, moes die betrokke landdros, vrederegter, veldkornet, geneesheer of eienaar van 'n eiendom die aangeleentheid aan die regering rapporteer sodat die nodige stappe ter bestryding van die siekte aanbevel en toegepas kon word.⁵²

7. Inenting

Origens het die ordonnansie duidelike regulasies neergelê vir die toepassing van inenting teen pokke, 'n diens wat die regering grootliks gratis aan veral sy swart inwoners verskaf het. In sommige gevalle is 'n doktersfooi gevra wat weerstand by pasiënte uitgelok het. Ofskoon die staat inenting, behalwe in sekere gevalle, blybaar nie verpligtend gemaak het nie as gevolg van finansiële implikasies, was president Brand en sy regering, die pers, gemeenskapsleiers en die meeste geneeshere, sterk ondersteuners en bevorderaars van 'n inentingsveldtog as die enigste doeltreffende metode - wat dit inderdaad was - om die siekte uit te roei.⁵³ Sommige plaaslike owerhede en gesondheidskomitees sou dit wel as 'n vereiste stel indien mense, veral swartes, tussen sy grense wou vertoeft.

Met die "mislukking" van die berokings- en grenswagstelsel is 'n ernstige beroep des te meer op die inwoners, met die klem op die swart inwoners, gemaak om hulle terstond te laat inent. Vanweë die kritieke situasie in die distrik Boshof gedurende die tweede helfte van 1884, is plaasboere aangemoedig om toe te siën dat hulself, hul families en hul plaaswerkers ingeënt word.⁵⁴

Dr. Arnold H. Watkins was as die oppertoesighoudende geneesheer van Boshof die leidende figuur om tydens die hoogtepunt van die siekte 'n verbete inentingsveldtog in die distrik Boshof te voer. Hy is deur dr. Harold F. Watkins bygestaan. Hulle verslae het tragiese pokgevalle beskryf. Onverpoos en onbaatsugtig het hulle talle besmette plase besoek, die bewoners ingeënt, ontsmetting met karbolsuur toegepas en besmette items verbrand.

-
50. VAB, GS 257, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 12.3.1884, 16 en 21.4.1884; VAB, GS 1587, Goewermentsekretaris - Landdros, Boshof, 13 en 28.3.1884; *The Friend*, 28.2.1884, 1.5.1884 en 31.7.1884.
 51. *The Friend*, 23.10.1884.
 52. *Wetboek van den Oranjevrijstaat*, 1891, pp. 534-544; S.V. Potgieter, "The history of medicine in the Orange Free State 1854-1902", *SA Medical Journal*, 23 Des. 1972, p. 2038.
 53. *Notulen der verrichtingen van den Hoog-Ed. Volksraad*, 21.2.1884, p. 8; *The Friend*, 1.11.1883, 6.12.1883, 31.7.1884 en 28.8.1884; *De Express*, 14.8.1884; S.V. Potgieter, p. 2039.
 54. *The Friend*, 19.10.1882, 1.11.1883, 18.9.1884 en 16.10.1884; *De Express*, 29.11.1883, 21.8.1884 en 16.10.1884.

Die hospitaaltjie en kwarantyngeriewe op Olifantsfontein het dr. A.H. Watkins weer in volle werkung omskep sodat die lydendes daar versorg kon word. Hy het nie gehuiwer om die regering aan te spreek oor sy versuim om voldoende inentingsmiddels te voorsien nie waardeur werksaamhede belemmer is. In verskeie brieue aan die pers het hy sy grusame ondervindinge rondom pokgevalle aan die inwoners oorgedra, hulle gewys op die noodsaklikheid om ingeënt te word en hul terselfdertyd geroskam omdat hulle so tydsaam was om hul te laat inent, maar noudat pokke hoogty vier, 'n byna onhanteerbare stormloop veroorsaak.⁵⁵

Drs. Watkins en Watkins se aandeel, tesame met die werksaamhede van die verskeie gesondheidskomitees in die distrik, kan geensins geringgeskat word in die uiteindelike bekamping van die epidemie nie.

Gesondheidskomitees gee die deurslag

Die voorsiening wat in Ordonnansie nr. 14 van 1884 vir die instelling van 'n gesondheidskomitee op aandrag van die bewoners van 'n omgewing gemaak is, het die burgers van die Vrystaat self die geleenthed gebied om hulle deel by te dra om die poksiekte onder beheer te bring. Volgens die wetgewing het so 'n gesondheidskomitee omvattende magte en bevoegdhede gehad, waaronder die beheer van verkeer in die besmette omgewing, die toepassing van ontsmettingsmaatreëls, die instel van beheer- en reinigingsregulasies en die aanstelling van persone om dit uit te voer, die oprigting van ontsmettingshuise, hospitale en afsonderingsgeboue, die heffing van belasting tesame met ondersteuning uit die staatskas op 'n 50/50-basis om die dienste te verrig en die strafoplegging aan oortreders volgens die wetsbepalinge.⁵⁶

Dit het grootliks afhang van die ywer en bereidwilligheid van die inwoners van 'n betrokke dorp of distrik of die wetgewing geslaagd sou wees. Die uitbreek van die epidemie in alle erns teen die middel van 1884 was genoegsame aansporing vir die inwoners van die Vrystaat, veral die distrik Boshof as brandpunt, om hulle op die ordonnansie te beroep, want dit was duidelik dat vanuit regeringswée alleen die stryd nie gewen sou word nie.

Die dorp Boshof het trouens reeds op 2 Desember 1883 'n soortgelyke komitee op die been gebring wat moes toesien dat pokke nie na die dorp versprei nie - 'n taak wat die komitee grootliks suksesvol uitgevoer het deur onder andere 'n aanvaarde belastingheffing vir kostes, 'n doeltreffende dorpswagstelsel wat verdagtes weggekeer het, beroking en streng sanitasiemaatreëls.⁵⁷ Nadat wetgewing ingestel is, het die dorp opnuut 'n gesondheidskomitee in die lewe geroep, bestaande uit dr. A.H. Watkins (voorsitter), P.C.N. Swart, I.J. de Villiers, W.H. Cowie, P. Carroll, C.H. Jooste en J. Ahrbec. Die bestaande voorsorgmaatreëls is hoofsaaklik behou, maar hierdie keer is inenting as 'n vereiste beskou om die dorp binne te gaan. Karbolsuur is ook gratis aan die armlastiges voorsien vir ontsmettingsdoeleindes.⁵⁸ Die gesondheidskomitee se optrede was weereens so suksesvol dat daar reeds teen die einde van Augustus 1884 verklaar is dat "the town is as clean as a new pin."⁵⁹

Aanvanklik het die gesondheidskomiteestelsel in die distrik, bestaande uit wyk Modderrivier in die suide en wyk Middenveld in die noorde, nie so 'n voorspoedige aanvang soos die dorp gehad nie. Op 31 Julie 1884 is daar onder leiding van landdros Linder op die plaas Mosterdhoek 'n gesondheidskomitee vir wyk Modderrivier gekies, bestaande uit C.H. Wessels (voorsitter), J.M.

55. VAB, GS 258, Rapport, A.H. Watkins, 22 en 25.7.1884, 1.8.1884; VAB, GS 256, Landdros, Boshof - Goewermentssekretaris, 5.12.1883; VAB, GS 258, Landdros, Boshof - Goewermentssekretaris, 14 en 23.7.1884; *The Daily News*, 30.7.1884; *The Friend*, 31.7.1884.

56. *Weboek van den Oranjevrijstaat*, 1891, pp. 534-544.

57. VAB, GS 256, I.J. de Villiers e.a. - Staatspresident, 5.12.1883; *The Friend*, 13.12.1883 en 3.1.1884.

58. VAB, GS 258, Notulen van een vergadering van inwoners van het dorp Boshof, 1.8.1884; *The Friend*, 28.8.1884.

The Friend, 28.8.1884.

Wessels, C.H. van Niekerk, J.J. Diederiks, D.J. van Zyl, H.B. Wienand, P.R. Erasmus, J. Viljoen en B. Geldenkamp.⁶⁰ Op 7 Augustus 1884 het wyk Middenveld gevolg. Op die plaas Koekemoersfontein is 'n gesondheidskomitee saamgestel, bestaande uit J.M. Steyn (voorsitter), W. Struis, P. Myburg, C. van Aswegen, J.J. Erasmus, H. Badenhorst, C.A.F. Vanhaus, C. Hattingh, P.J. Jooste en H. Minnaar.⁶¹

Nieteenstaande 'n gebrek aan genoegsame fondse het die gesondheidskomitee van wyk Modderrivier ywerig sy werkzaamhede begin, terwyl dié van wyk Middenveld blybaar verseg het om sonder behoorlike befondsing te begin werk. Laasgenoemde komitee het kort na sy totstandkoming selfs gedreig om daaroor te bedank, maar dit was nie vir die regering aanvaarbaar nie; die komiteelede is versoek om ter wille van hulle gemeenskap die beste van die saak te maak. Teen 8 September was die Middenveld-komitee ook aan die werk om die pokke-epidemie in hulle midde te bestry.⁶²

Onverdraagsaamheid en onregverdigte kritiek vanuit die samelewing teenoor die komitees vanweë hulle aanvanklike gebrek aan onmiddellike resultate - hulle het finansiell 'n stryd om oorlewing gevoer - het nie agterweé gebly nie. "It is most disheartening that nothing is done to check the disease outside of the town" (Boshof) en "still the greatest apathy is evinced by the Wyk's Comité... it is time Government stepped in and awakened them up to their responsibilities", was twee aanmerkings wat verduur moes word.⁶³

Soos die gesondheidskomitees stelselmatig hulle voete gevind het en fondse deur belastingheffings bekom is, het die komitees met mag en mening te werk gegaan om die verspreiding van die pokke-epidemie te bekamp. Beide distrikskomitees het regulasies volgens die betrokke ordonnansie opgestel om die siekte teen te werk. Die regulasies kon nie opgespoor word nie, maar dit is duidelik dat dit in ooreenstemming met die bevoegdhede was wat die wet aan hulle verleen het.

Die komitees het hulle onder meer klaarblyklik beroep op proklamasie nr. 326 van 1884 wat inmiddels deur die regering uitgevaardig is en waardeur onder andereveral rondloper swartes en ander swerwers belet is om die Vrystaat vanaf Griekwaland-Wes binne te kom. Vrywillige Boshof-burgers, bygestaan deur regeringsgrenswagte, het hierdie verskerpte regeringsmaatreëls onverbiddelik uitgevoer. Verder het die twee gesondheidskomitees gesorg dat genoeg inentingstof vir hulle onderskeie wyke bekom word. Die komitees was weldra ook in volle beheer van die administratiewe reëlings van die wyke wat die werkclas van landdros Linder en die diensdoenende geneeshere - op wie se skouers dit tot in daardie stadium gerus het - merkbaar verlig het. Die vergesogte oorweging van die Modderrivier-gesondheidskomitee om vyf berokingshuise teenaan die grens op te rig, het nie gerealiseer nie, waarskynlik as gevolg van die finansiële implikasies, die swak rekord van die vorige pogings en die kortstondige intensiteit van die epidemie.⁶⁴

9. Slotbeskouing: oorwinning

Teen 29 September 1884 het landdros Linder die regering verblyd meegedeel dat slegs een nuwe geval van pokke in wyk Middenveld uitgebreek het en geen enkele geval in die dorp en in wyk Modderrivier nie. Die feit dat die gesondheidskomitee van Boshof, wat uiterwaaksaam teen die siekte was en streng ontsmettingsmaatreëls toegepas het, bereid was om toe spreekwoordelik sy deure vir enige besoeker oop te gooi, was betekenisvol wat betref die uitsterf van die siekte in die geweste. Teen die

60. VAB, LBO, 2/2/1/18, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 4.8.1884.

61. VAB, GS 258, Notulen van eene bijeenkomst gehouden door den Landdrost van het district Boshof... op de plaats Koekemoersfontein, 7.8.1881.

62. VAB, GS 258, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 18 en 27.8.1884 en 8.9.1884.

63. *The Friend*, 28.8.1884 en 4.7.1884.

64. VAB, GS 258, Extract notulen van de Gezonheds Committee wijk Modderrivier, 16.8.1884; VAB, GS 258, Landdros, Boshof - Goewermentsekretaris, 28.7.1884 en 8.9.1884.

einde van Oktober is amptelik verklaar dat pokke in die wyk Middenveld "geheel uitgestampt zyn". Teen daardie tyd was dit ook duidelik dat die siekte nie net in die distrik Boshof so te sê oorwin was nie, maar in die hele Vrystaat.⁶⁵

Landdros Linder het met trots die regering daarop gewys dat die dorp en wyk Modderrivier se werkzaamhede met sukses bekroon is. Hy het egter wyk Middenveld se komitee, wat so traag begin het, uitgesonder as die komitee wat die doeltreffendste opgetree het om die grens teen die insluiп van nuwe gevalle te beskerم. Hy het nie nagelaat nie om te vermeld dat dié komitee so spaarsamig en doelmatig gehandel het dat dit nie nodig was om die regeringstoelaag vir hulle aan te vra nie, 'n toelaag waarop beide die komitees van die dorp en wyk Modderrivier staatgemaak het. Die regering het met dank kennis van die puik optrede van die komitees geneem.⁶⁶

Die krediet vir die suksesvolle veldtog teen pokke in die distrik Boshof moet voorwaar aan die lede van die verskillende gesondheidskomitees, asook die onbaatsugtige optredes van geneeshere soos drs. Watkins en Watkins om die nood en lyding van hulle pasiënte te verlig, toegeskryf word. Hulle het die taak wat aan hulle opgedra is, met ywer en deursettingsvermoë aangepak en 'n eenvoudige, goedkoop maar effektiewe beleid teen die pokke-epidemie gevolg.

Op 27 November 1884 het *The Friend* tot groot vreugde en verligting van die inwoners van die distrik Boshof aangekondig: "This district is at last free of small-pox."⁶⁷ Geen amptelike sterftesyfer kon vir die Vrystaat opgespoor word nie, maar dit bly dat die pokke-epidemie nie meer as honderd slagoffers geëis het nie, waarvan by verre die meeste swartmense was. Die grootste getal sterftes het ongetwyfeld in die distrik Boshof voorgekom. Vergelykenderwys het die diamantvelde ongeveer sewehonderd noodlottige gevalle opgelewer waarvan 51 blankes was.⁶⁸

-
65. VAB, GS 258, Landdros, Boshof - Goewermannsekretaris, 29.9.1884; *De Express*, 2.10.1884; *The Friend*, 9.10.1884.
 66. VAB, GS 258, Landdros, Boshof - Goewermannsekretaris, 29.10.1884; VAB, GS 1587, Goewermannsekretaris - Landdros, Boshof, 3.11.1884.
 67. *The Friend*, 27.11.1884.
 68. B. Roberts, p. 225.